

B

GROEN BOEK



LEIERSGIDS
Graad 4-6

JOHANNES MOUTON

bm
Bybel-Media



jeugfokus

INHOUDSOPGAWE



Vir die leier	5
1. Afskop	9
Tema 1 – God: wie God is en wat God doen	15
2. Daar is niemand soos God nie!	17
3. God voorsien en ons gaan dien	21
4. God laat alles ten goede meewerk	23
Tema 2 – Kerklike feeste	25
5. Lydenstyd: 'n Verraaier se soen	27
6. Opstanding: Die graf is leeg, dit laat ons leef	29
7. Hemelvaart: Jesus neem afskeid, maar is steeds hier	31
8. Pinkster: Die Gees woon in jou	33
Tema 3 – God se kinders: wie ons is en hoe ons leef	35
9. Sonde is sleg, maar die Here maak reg	37
10. Hou moed, want die Here is by jou	39
11. Wees 'n goeie vriend	41
12. Jou lewe praat	43
13. Met wyn en brood vier ons sy dood (Nagmaal)	45
Tema 4 – Ons verhouding met ander mense	47
14. Weet vir wie om te bid	49
15. Help sonder om te spog	51
Tema 5 – God se kinders in God se wêreld	53
16. Loof God vir sy skepping	55
17. Gebruik jou gawes vir die Here se werk	57
18. Leef tot eer van die Here	59
19. God se grootste Geskenk (Kersfees)	61

TEMA 2

KERKLIKE FEESTE

LYDENSTYD: 'N VERRAAIER SE SOEN

AGTERGROND

Doel

Dat die kinders beseft Jesus ly vrywillig vir ons elkeen se sonde.

Bybelgedeeltes

- Lukas 22:47-53.
- 1 Petrus 2:24.

Benodighede

- 'n Kers vir elke kind.

AANBIEDING

Omgee

Verwelkom die kinders. Hoor hoe hulle week was. Is daar iets waarvoor julle vir die Here wil dankie sê?

Vra die kinders of hulle weet wat Lydenstyd is. (Dis die tyd wanneer ons dink aan Jesus se lyding vir ons.)

Vra een van die kinders om te open met gebed.

Insig

Vra vir die kinders: Wanneer soen mense mekaar? (Wanneer hulle mekaar groet, mekaar liefhet, vir mekaar omgee, ensovoorts.) Kan julle aan iemand dink wat eendag vir Jesus gesoen het? Was dit Petrus, Johannes of Judas? (Judas.) Hoekom het Judas vir Jesus gesoen? (Nie omdat hy vir Jesus omgee het nie, maar omdat hy Jesus wou verraa.)

Kom ons lees hierdie hartseer verhaal. Laat die kinders om die beurt 'n vers uit Lukas 22:47-53 lees. Gesels dan oor die volgende vrae:

- Wat was Jesus besig om te doen toe hulle Hom gevang het? (Hy was besig om te bid.)
- Wat lees ons van Judas wat Jesus verraa het? (Hy was een van die 12 dissipels.) Dit beteken hy was een van Jesus se beste vriende wat ongeveer drie jaar lank saam met Jesus geleef het.
- Wat het die dissipels gedoen toe Jesus gevang is? En hoe het Jesus daarvoor gevoel? (Hulle het na hulle swaarde gegryp. Een dissipel het selfs 'n slaaf se oor afgekap. Jesus het nie daarvan gehou nie.)
- Watter mense was in die groep wat vir Jesus kom vang het? (Priesterhoofde, offisiere en familiehoofde.) Dit was die leiers van daardie tyd. Ons sou dit nie van hulle verwag het nie.

Nadenke

Jesus kon natuurlik weggekrom het. Hy kon hulp by sy hemelse Vader gekry het. Engele kon Hom kom help het. Hoekom dink julle het Jesus dit nie gedoen nie? Ons kry die antwoord in 1 Petrus 2:24. (*Jesus het dit toegelaat sodat Hy vir ons sonde kon sterf.*) In Lydenstyd besef ons Jesus het vir ons elkeen se sonde gesterf. Hoe voel julle daarvoor? (*Dankbaar, verlig, vry, bly, ensovoorts.*)

Uitleef

Jesus vergewe al ons sonde. Hy neem dit heeltemal weg en Hy dink nie meer daaraan nie. Gee vir elke kind 'n kers. Om ons te help om te onthou dat Jesus vir ons sonde gesterf het, kan julle vir die volgende week elke aand dié kers in julle huise aansteek. En as iemand vra waarvoor die kers is, verduidelik julle dis om ons te herinner dat Jesus vir ons sonde gesterf het.

Afsluiting

Doen 'n dankgebed: Here, dankie dat U vir ons aan die kruis gesterf het sodat ons vergewe kan word en u kinders kan wees. Amen.

OPSTANDING: DIE GRAF IS LEEG, DIT LAAT ONS LEEF

AGTERGROND

Doel

Die kinders ontdek die wonder van die opstanding en verbly hulle in die feit dat ons die lewende Here aanbid.

Bybelgedeeltes

- Johannes 21:1-14.
- 1 Korintiërs 15:4-8.

AANBIEDING

Omgee

Verwelkom die kinders. Hoor hoe hulle week was. Is daar iets waarvoor julle vir die Here wil dankie sê? Doen 'n dankgebed.

Insig

Laat die kinders oor die volgende vrae gesels: Wie van julle was al by 'n begrafnis? Wat gebeur alles by 'n begrafnis?

Jesus het ook gesterf en is begrawe. Daar is egter 'n groot verskil tussen Jesus en die mense wat ons ken wat begrawe is. Wat dink julle is dié verskil? *(Die verskil is dat Jesus uit die dood opgestaan het.)*

Vandag gaan ons lees van 'n keer toe Jesus ná sy opstanding aan sy dissipels verskyn het. Lees Johannes 21:1-12. Verdeel die groep in twee en hou 'n vasvra oor die teksgedeelte. Gee een punt vir die groep wat eerste die regte antwoord gee. Kyk watter groep wen.

- By watter see het Jesus aan sy dissipels verskyn? *(See van Tiberias)*
- Watter dissipels was daar bymekaar? *(Simon Petrus, Tomas, Natanael, die seuns van Sebedeus, nog twee ander)*
- Wat was Tomas se ander naam? *(Didimus)*
- Aan watter kant het Jesus gesê moes hulle die net uitgooi? *(regterkant)*
- Hoe ver was hulle van die land af? *(100 treë)*
- Hoeveel groot visse het die dissipels gevang? *(153)*
- Die hoeveelste keer verskyn Jesus hier aan sy dissipels? *(derde keer)*

Nadenke

Jesus het nog meer kere aan sy dissipels verskyn om te wys Hy het werklik opgestaan en leef. Kom ons lees wat Paulus in 1 Korintiërs 15:4-8 hieroor skryf. Lees hierdie gedeelte.

In die Bybel is daar oorgenoeg bewyse dat Jesus uit die graf opgestaan het. Dis een ding waarvoor ons nooit hoef te twyfel nie. Hoekom dink julle het Jesus opgestaan? (*Hy het opgestaan sodat ons seker kan wees dat Hy vir ons sonde betaal het. En deur die opstanding het Hy die dood oorwin sodat wanneer ons doodgaan, ons saam met Hom kan leef.*)

Uitleef

Blomme is 'n teken van lewe. Laat die kinders elkeen 'n blom in die kerk se tuin gaan pluk. Of moedig hulle aan om by die huis 'n blom te pluk. Hulle kan dan die blom met dié woorde vir iemand gee: "Die Here het opgestaan sodat jy kan leef."

Afsluiting

Vra twee kinders om met gebed af te sluit nadat julle op twee sake besluit het waarvoor julle vandag wil bid.